

**Afrikaans HT: Vraestel 2**

**SECTION A: Poetry**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Die literêre opstelvraag was billik. Die wyse om 'n opstelvraag in hierdie afdeling te beantwoord, behoort ook onderrig en selfs aangemoedig, te word.

Die kandidate kom egter nie by die kern van die opstelvraag "**spreker word betrek**" by pogings om **onsterflik** te wees, uit nie. Daar is kandidate wat poog om die vraag te beantwoord deur slegs die teks te parafreseer.

Die kontekstuele vrae moet altyd binne konteks van die gedig beantwoord word.

Verder moet die kandidate die vraag antwoord en nie 'n lang verduideliking aanbeid voordat die vraag beantwoord word nie – daar is gevalle waar die kandidate 'n baie lang aanloop gee/storie vertel om uiteindelik die antwoord aan te bied. In een geval was die aanloop tot die vraag in 24 reëls geskryf en die uiteindelige antwoord in die laaste drie reëls van die antwoordeboek.

Die ongesiene gedigtitel, *Bepeinsing*, was 'n uitdaging vir die kandidate aangesien hulle nie oor die woordeskat soos "bepeinsing" en "kimme" beskik het nie.

**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

1	Daar is kandidate wat die gedig parafreseer en nie die vraag beantwoord nie.	Die leerlinge behoort in die beantwoording van die literêre opstel onderrig te word. Leerlinge behoort in staat te kan wees om die vraagstelling te ontleed sodat dié vraag beantwoord kan word. Verder behoort die leerlinge onderrig te word aangaande die beantwoording van argumente. Die leerlinge kan nie slegs die gedigteks parafreseer nie, maar elke stelling moet met die vraag verband hou en die bewys moet ook op die vraag en stelling van toepassing gemaak word.  'n Literêre opstel van 'n gedig verg deeglike voorbereiding aangesien dit nie slegs die gedig is wat parafreseer word nie.
2.2	Die kandidate bring nie die tweede vraagdeel na die konteks van die gedig nie.	Hou altyd die konteks in gedagte indien die vraag beantwoord word.
2.3	Die kandidaat haal meer as "VIER opeenvolgende woorde" in die antwoord aan.	Indien meer as die gevraagde woorde in die antwoord voorkom, moet die woorde onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

2.4	Die kandidate beantwoord nie hoe die beeldspraak by die versreël aansluit nie, maar bied 'n generiese antwoord aan.	Die leerlinge moet onderrig word om verbande tussen beeldspraak en ander versreëls te kan aandui. Die leerlinge moet by die konteks van die gedig bly.
2.5	Die funksie van alliterasie word generies aangebied.	Daar moet nie net omskryf word wat alliterasie is nie, maar van toepassing gemaak word op die spesifieke versreël, dus nie generies nie.
2.6	Min kandidate ken die tema van die gedig.	Die tema is een van die aspekte in die KABV by poësie en behoort daarom by elke gedig bespreek en onderrig te word.
3.2	Kandidate weet nie wat "seurtjie" of "draadloos" beteken nie.	Wanneer die gedig in die klas bespreek word, behoort die woordbetekenis van woorde wat minder algemeen voorkom, gegee te word.
3.2	Die kandidate skryf nie twee kante van die beeld wat geskep word, naamlik die vergelyking, neer nie.	'n Antwoord wat op 'n vergelyking betrekking het, behoort twee kante van die saak in die antwoord aan te bied.
3.4	Die kandidaat herhaal slegs die versreël in eie woorde neergeskryf en nie die vraag beantwoord nie.	Daar moet in elke gedig klem op die aspekte in wat in die KABV voorkom, gelê word.
3.5	Die kandidate bied 'n generiese antwoord aan en beantwoord nie die gevolgtrekking binne die gedigkonteks nie.	Die leerlinge moet gedigkonteks in gedagte hou met die beantwoording van elke vraag.
3.6	Die funksionaliteit van die teenstelling moes as antwoord aangebied word.	Kandidate bied 'n generiese antwoord aan en verwys nie na die gedigkonteks nie.
4.3	Die kandidate gee as antwoord die funksie dat illusie teenoor werklikheid gestel word, terwyl die nasienriglyn dit stel dat <b>ander</b> funksies aangebied moet word. Verder moet die kandidaat woorde wat op kontras dui, as antwoord aanbied. 'n Reeks woorde waarin geen kontras geleë is, word as antwoord aangebied.	Die leerlinge behoort gelei te word om d.m.v. vraaganalise te bepaal wat hulle moet antwoord.  Die leerlinge moet "teenoor"/die twee kante van die kontras in die antwoord aanbied.
4.4	Die antwoord word generies aangebied of "progressie" word as antwoord aangebied, terwyl die vraagstelling die begrip progressie omskryf, dus kan die kandidaat dit nie as antwoord aanbied nie.	Die leerlinge behoort gelei te word om d.m.v. vraaganalise te bepaal wat hulle moet antwoord.
5.6	Dit is 'n uitdaging vir die kandidate om reëls/teksdele met mekaar te vergelyk.	In die onderrig van die leerlinge behoort 'n verskeidenheid vraagstellings aan die leerlinge voorgedra te word as een van die wyses om die gedigbespreking af te sluit.

## SECTION B: Novel

<b>(a) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.</b>	<b>(b) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning</b>
---	---

6	Daar is kandidate wat nie kan onderskei tussen die verskillende karakters met dieselfde name nie.	Die leerlinge moet die romaninhoud deeglik onder die knie hê.
6	Literêre opstelle word sonder 'n inleiding en 'n slot aangebied. Dit voeg waarde tot die opstel toe en ondersteun die kandidaat om nie in vaaghede te verval nie. Die fantasiekarakter moet bespreek word, Dit lei daartoe dat die kandidate neig om bloot die storie te vertel.	Beklemtoon die waarde van 'n opstel wat goed beplan is - sonder om die opstel twee keer in die geheel oor te skryf.  Onderrig die leerlinge om gemotiveerde feite (argumente) te gee.
7.2	Die karaktereienskappe word nie genoem nie, maar 'n vae beskrywing gegee.	Die leerlinge behoort te weet wat 'n karaktereienskap van die verskillende karakters in die roman is.
7.6	By watter geleentheid ... Die kandidate kom nie by die geleentheid uit nie, maar gee eerder 'n beskrywing van die konflik.	
7.7	Die kandidate bied 'n generiese antwoord aan by die tweede deel van die vraag. Die kandidate sukkel om te onderskei tussen <b>wie</b> die verteller is en <b>watter tipe</b> verteller daar is.	Die leerlinge moet onderrig word om die voor-/nadele van die verteller op 'n spesifieke teks van toepassing te maak. Vraagstelling behoort aan die leerlinge onderrig te word.
7.10	Die kandidate het nie al die komponente van die vraag beantwoord nie; "kleurblind" is letterlik geïnterpreteer.	Onderrig die leerlinge om die vraag te ontleed en om hom/haar deur die puntetoekenning te laat lei.
7.11	Die kandidate het misgelees dat die konflik in die vraagstelling handel oor die konflik wat Iris <b>oor haar geboorte</b> beleef.	Leerlinge moet hul vroeë boukeuriger lees.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

Die kandidate raak verward met die twee karakters met die naam Peter (die werklike een vir wie Iris in Amerika gaan kuier en die karakter waarvoor sy fantaseer wat later dood is nadat Greta swanger is) en Eduard (die fantasie tydens Elsa se troue en die fantasiekarakter, Peter, se broer).

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Die struktuur van die opstelle het merkbaar 'n verbetering ondergaan. Dit is verblydend dat minder kandidate elke argument in "... want/omdat ... bv. ...) inforseer, maar dat die argumente meer vloeiend aangebied word.

<b>(a) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.</b>		<b>(b) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning</b>
8	Die kandidate gee nie 'n genoegsame bewys vir die stelling om 'n argument te vorm nie.	Die argument moet duidelik uit die roman bewys word.
8	Literêre opstelle word sonder 'n inleiding en 'n slot aangebied. Dit voeg waarde tot die opstel toe en ondersteun die kandidaat om nie in vaaghede te verval nie.	Beklemtoon die waarde van 'n opstel wat goed beplan is - sonder om die opstel twee keer in die geheel oor te skryf.

9.5	Die nadeel van die verteller in die spesifieke reëls van die teks is 'n uitdaging vir die kandidate. 'n Generiese nadeel van die verteller word aangebied.	Die leerlinge moet (generiese) voor-/nadele/funksies op spesifieke tekste/reëls van toepassing kan maak.
9.6	Daar is kandidate wat nie na 'n geleentheid kan verwys nie, maar 'n vae storievertelling in die antwoord aanbied.	Die leerlinge behoort hul romaninhoud deeglik onder die knie te hê sodat die geleenthede vir gebeure duidelik sal blyk.

<b>(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners</b>
Die kandidate verwoord nie innerlike konflik korrek in hul argumente nie. Die interaksie met die ander karakters wat innerlike konflik veroorsaak, is agterweë gelaat.

<b>(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.</b>
Die stuktuur van die opstelle het merkbaar 'n verbetering ondergaan. Dit is verblydend dat minder kandidate elke argument in "... want/omdat ... bv. ...) inforseer, maar dat die argumente meer vloeiend aangebied word.

	<b>(a) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.</b>	<b>(b) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning</b>
12	<p>Literêre opstelle word sonder 'n inleiding en 'n slot aangebied. Dit voeg waarde tot die opstel toe en ondersteun die kandidaat om nie in vaaghede te verval nie.</p> <p>Daar is kandidate wat nie die opstel beplan nie (diagrammaties/hoofpunte) – die uitskryf van die volledige opstel as eerste weergawe uitgesluit – wat daartoe lei dat die literêre opstelle onsamehangend en met herhalende argumente aangebied word.</p> <p>Leerlinge verval in storievertelling.</p> <p>Die insig waartoe Greg kom, ontbreek.</p> <p>Die kandidate beantwoord die invloed wat Eckardt op Greg in die algemeen het, wat wel raakpunte met die vraagstelling: hoe sosiale manipulerings Greg beïnvloed het. Sosiale manipulerings as sulks word egter nie in die antwoord aangebied nie.</p> <p>Die kandidate laat nie 'n reël tussen die paragrawe oop nie, wat daartoe lei dat dit lyk asof die hele opstel in een paragraaf aangebied word.</p>	<p>Beklemtoon die waarde van 'n opstel wat goed beplan is - sonder om die opstel twee keer in die geheel oor te skryf.</p> <p>Verder voeg dit waarde tot die literêre opstel toe as die inhoud en slot by die vraagstelling aansluit.</p> <p>Leer die leerlinge wat 'n argument behels en om die vraag te ontleed sodat storievertelling vermy kan word en alle aspekte van die vraagstelling in die antwoord aangebied kan word.</p> <p>Op bl. 135 in die roman is dit duidelik wat sosiale manipulerings is; om mense te beïnvloed om hul persoonlike inligting vir jou te gee.</p> <p>Daar is egter ander aspekte ook (nasienriglyn) wat in aanmerking geneem moet word.</p> <p>Kandidate moet reëls tussen paragrawe ooplaat.</p>
13.2	'n Generiese antwoord word aangebied, waarskynlik omdat die kandidate dink hulle weet wat van hulle verwag word sonder om die volle vraag te lees. Die kandidaat moet die vraag op spesifieke reëls van toepassing maak, dus word alle kontekstuele vrae binne konteks beantwoord.	Die leerlinge moet onderrig word om 'n generiese antwoord na die konteks te neem en binne konteks te beantwoord. Die leerlinge behoort te kan onderskei tussen <b>watter tipe verteller</b> ter sprake is en <b>wie die verteller</b> is.

13.3	Die vraagstelling vereis dat die kandidaat ander betekenis van die romantitel waaraan Eckardt vir Greg bekendstel, moet aanbied.	Onderrig behoort te fokus op stapelvrae (multivlakvrae), vraagstelling, ruimte, verbande, en ander aspekte soos wat dit in die KABV voorgeskryf is.
13.4	Die kandidaat lees "later" mis en dan word die antwoord nie korrek aangebied nie.	Deeglike lees en met glimpenne die nodige merk, behoort tot die geskikte antwoord te lei.
13.5	Die twee kante van die verskil word nie aangebied of geïmpliseer nie. Die vraag is redelik teksgebaseerd wat die kandidaat in hul antwoorde mis.	Oefen vraagstellings soos verskille, ironie, kontras waar alle antwoorde twee kante van die saak in die antwoord moet aanbied. Verder moet die leerlinge ook onderrig word om die vraag dadelik te antwoord en nie omslagtig te wees met vaaghede wat nie met die vraagstelling verband hou nie. Die leerlinge behoort vraagtleding te oefen sodat die kernwoorde soos "optrede hier" nie misgelees word nie.
13.6	Die kandidaat fokus nie op die geleentheid waar Greg <b>skoolgesag</b> uitdaag nie, maar bied 'n generiese antwoord aan waar gesag uitgedaag word.	Deeglike lees van die vraagstelling behoort aangemoedig te word sodat die vraag korrek geïnterpreteer kan word. Ontleed die vraag: Wat word gevra; skoolgesag; geleentheid.
13.8	Daar is kandidaat wat nie die begrip "ironiese wending" verstaan nie. Verder word slegs een kant van die ironiese wending aangebied.	Die aspekte/begrippe wat in die KABV voorkom, behoort ingeskerp te word by die bestudering van die roman.
13.9	Die kandidaat beantwoord die twee vraagdele as een aaneenlopende antwoord.	Die leerlinge behoort die verskillende vraagdele afsonderlik, verkieslik in 'n eie reël, te beantwoord. Die puntetoekenning behoort leiding aan die leerlinge te gee m.b.t. die antwoorde.
13.10	Die kandidaat skryf 'n reeks redes waarvan die eerstes nie korrek is nie en die korrekte antwoord laaste aangebied word.	Die leerlinge behoort die antwoord onmiddellik aan te bied en nie in 'n vae aanloop/storievertel verval nie.
13.11.1	Die vraagstelling vereis dat die kandidaat twee tekste met mekaar moet vergelyk om tot 'n antwoord te kom. Dit blyk dat nie alle kandidaat die tekste lees nie. Verder moet die kandidaat die konflik wat Greg as <b>gevolg van sy pa</b> , ervaar aanbied. Die kandidaat bied 'n generiese antwoord oor konflik aan.	In die onderrig behoort daar na verskillende teksdele verwys te word sodat die leerlinge vertrouwd kan wees met hierdie wyse van vraagstelling. Die leerlinge behoort met vraagtleding vertrouwd gemaak word sodat die spesifieke vereiste van die vraagstelling duidelik is.
13.11.2	Kandidaat ken nie die betekenis van "skaakmat" nie wat veroorsaak dat sommige kandidaat nie die vraag korrek kon beantwoord nie.	Aangesien die woord in die roman voorkom, behoort die leerling onderrig te word om van 'n woordeboek gebruik te maak wanneer die roman gelees word om die onbekende woorde se betekenis na te slaan, veral as dit 'n aspek is wat as "motief: in die roman voorkom (bl. 54, 74, 154, 161, 169, 170, 215, Hoofstuk 7). Gee dalk aan die leerlinge voorbeelde waar Eckardt vir Greg in skaakmat het.

<b>(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners</b>
Daar is kandidate wat antwoorde generies aanbied en nie konteks in verband met die antwoord bring nie. Die kandidate moet gelei word om elke vraag te ontleed sodat die antwoord aan die vereiste van die vraagstelling voldoen.
<b>e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.</b>
Die struktuur van die opstelle het merkbaar 'n verbetering ondergaan. Dit is verblydend dat minder kandidate elke argument in "... want/omdat ... bv. ...) inforseer, maar dat die argumente meer vloeiend aangebied word.

**SECTION C: Drama**

<b>(a) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.</b>	<b>(b) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning</b>
14 Literêre opstelle word sonder 'n inleiding en 'n slot aangebied. Dit voeg waarde tot die opstel toe en ondersteun die kandidaat om nie in vaaghede te verval nie. Daar is kandidate wat nie die opstel beplan nie (diagrammaties/hoofpunte) – die uitskrif van die volledige opstel as eerste weergawe uitgesluit – wat daartoe lei dat die literêre opstelle onsamehangend en met herhalende argumente aangebied word. Leerlinge verval in storievertelling. Daar is kandidate wat slegs op Map se soeke na identiteit fokus en vergeet om die tronk en die tatoeëermerke te bespreek wat Map se identiteit verander.	Beklemtoon die waarde van 'n opstel wat goed beplan is - sonder om die opstel twee keer in die geheel oor te skryf. Verder voeg dit waarde tot die literêre opstel toe as die inhoud en slot by die vraagstelling aansluit. Leer die leerlinge wat 'n argument behels en om die vraag te ontleed sodat storievertelling vermy kan word en alle aspekte van die vraagstelling in die antwoord aangebied kan word.
15.1 Daar is kandidate wat nie die begrip "handeling" verstaan nie en die hele verkragtingstoneel beskryf. Die kandidate beskik oor 'n gebrekkige woordeskat sodat "aanleiding" as "aanduiding" verstaan word.	
15.5 Die kandidate verwys slegs na die karakters en nie na die simboliek wat aan die naamgewing (Johnnie) gekoppel word nie.	
15.6 Die kandidate verstaan nie waarna "struktuur van die drama" verwys nie. Die kandidate bied nie Ja/Nee in die antwoord aan nie.	Onderrig die bou van 'n drama aan die hand van die KABV. Die leerlinge moet onderrig word om Ja/Nee as antwoord aan te bied indien die vraagstelling dit verwag en dan eers die motivering/rede te gee.
15.7 Daar is kandidate wat nie "onderskeidelik", "woorde" en "dade" verstaan nie. Daarom verval die antwoord in storievertelling. Verder vertel die kandidate die storie en baie later word die antwoord aangebied.	In die onderrig behoort vraestelwoordeskat onderrig te word. Die leerlinge behoort in die onderrig leiding te ontvang dat vrae beantwoord moet word sonder om omslagtig te wees.

15.9	Daar is kandidate wat nie die begrip "dramatiese doelstelling" op die lleser van toepassing maak nie.	Onderrig begrippe/aspekte en wat elkeen se vereistes in die beantwoording daarvan is.
15.10	Die kandidate verstaan nie die begrip "ironie" nie.	Onderrig aspekte soos wat dit in die KABV voorkom.
15.12	Die kandidate bied nie die twee kante van die kontras in die antwoord aan nie.	Onderrig dat sekere begrippe, soos kontras, twee kante van die saak in die antwoord moet hê.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

Die kandidate moet die inhoud in diepte ken om die opstelvraag of die kontekstuele vraag goed te kan beantwoord.

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Die struktuur van die opstelle het merkbaar 'n verbetering ondergaan. Dit is verblydend dat minder kandidate elke argument in "... want/omdat ... bv. ...) inforseer, maar dat die argumente meer vloeiend aangebied word.

<b>(a) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.</b>		<b>(b) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning</b>
16	Die kandidate herhaal dieselfde argument in die literêre opstel.	Die leerlinge behoort die opstel deeglik te beplan (nie noodwendig 'n volledige eerste weergawe nie) wat herhalende argumente sal uitskakel. (Dit verwys egter nie na 'n kandidaat wat 'n aspek in diepte beantwoord met 'n argument en meer verduidelikings nie.)
17.1	Die kandidate verstaan nie die begrip "handeling" nie.	Onderrig begrippe.
17.3	Die kandidate laat hom/haar nie deur die puntetoekenning lei in die beantwoording van die vraag nie.	Oefen multivlakvrae.
17.6	Die vraagstelling vereis 'n "verband" terwyl die kandidaat slegs een kant van die saak aanbied.	Vraagstelling en die vereiste wat sekere vrae bied, behoort onderrig te word.
17.8	Die kandidate kon nie dramatiese doelstelling interpreteer nie. Die antwoord word nie uit die leser se perspektief aangebied nie.	Die aspekte wat op die drama van toepassing is, behoort onderrig te word.
17.9	Die kandidate verstaan nie die begrip "stemming" nie.	Onderrig die begrippe in die KABV.
17.13	Kandidate ruil die twee dele van die vraag om: beantwoord die konflik in TEKS K en die redes waarom Meisie nie op die sirkusmusiek reageer nie volgens TEKS L.	Die leerlinge moet deegliker lees.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

Die kandidate moet die inhoud in diepte ken om die opstelvraag of die kontekstuele vraag goed te kan beantwoord.

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Die stuktuur van die opstelle het merkbaar 'n verbetering ondergaan. Dit is verblydend dat minder kandidate elke argument in "... want/omdat ... bv. ...) inforseer, maar dat die argumente meer vloeiend aangebied word.